



Prioriteite vir die sinodale begroting

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Watter sinodale dienste het die gemeentes van die Kerk nodig om optimaal te funksioneer? Hieroor het die Raad van Finansies op 6 en 7 April 2021 saam met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) besin.

Almal stem saam dat die belange van dinamiese gemeentes in die Kerk voorkeur moet geniet. Maar geen gemeente funksioneer onafhanklik nie; gemeentes vorm saam met ander gemeentes ringe, en saam gee dit gestalte aan die Hervormde Kerk (NHKA). Die Kerk benodig 'n infrastruktuur om die verskillende gemeentes en ringe aan mekaar te bind, en die sentrale organisasie maak dit moontlik om dienste meer effektief en goedkoper aan gemeentes te kan lewer as wat elke gemeente op haar eie sou kon doen.

Die sinodale begroting maak voorsiening vir hierdie sinodale aktiwiteite. Met die daling in lidmaattal die afgelope dekades, het die AKV verskeie aktiwiteite ingekort om op die sinodale begroting te besnoei. Hierdie besnoeiings was so suksesvol dat die totale sinodale begroting van 2011-'12 gedaal het van R26 miljoen tot R19,8 miljoen vir 2021-'22 – sonder om die waardevermindering van die rand weens inflasie in berekening te bring! In die proses het die personeelkorps van die Sinodale Dienssentrum van 82 in 2012 afgeneem na 41 in 2021.

In enige begroting moet 'n mens jou uitgawes beperk en jou prioriteite bepaal. Die Raad van Finansies het egter ingesien dat kostebesparing op die sinodale begroting alléén nie 'n oplossing kan bied vir die toenemende druk op sinodale offergawes nie, maar dat die Kerk se langtermynvisie moet bepaal watter sinodale aktiwiteite noodsaaklik is om die dinamiese funksionering van gemeentes te verseker. Hiervoor móét die nodige fondse gevind word.

Na deeglike besinning het die Kommissie en die Raad van Finansies drie groepe aktiwiteite geïdentifiseer wat op sinodale vlak nodig is om gemeentes se plaaslike bediening te ondersteun.

Eerstens is daar aktiwiteite wat die **onderlinge band tussen gemeentes** verseker. Die band tussen gemeentes onderskei 'n hoofstroomkerk met gemeentes regoor Suid-Afrika en ons buurlande van paddastoelkerke wat dikwels bloot om die charisma van 'n individu draai. Dit maak ons volhoubaar oor geslagte heen en gee elke gemeente legitimiteit as deel van 'n erkende kerkverband, en dit maak ons deel van die kerklike wêreld (ekumene). Hiervoor het ons 'n dinamiese netwerk, 'n minimum gedeelde administrasie en effektiewe sinodale kommunikasie nodig.

Tweedens maak ons sinodale kerkverband dit moontlik om **gemeentes se werksaamhede op plaaslike vlak te ondersteun**. Gemeentes kan deur sinodale personeel en toerustingsmateriaal (van kategesemateriaal tot bestuurstelsels) gehelp word om selfstandig en lewenskragtig te funksioneer, om plaaslik diens te lewer, en so te groei.

Derdens verseker die Kerk sinodaal dat daar deurentyd **goed toegeruste predikante en ampsdraers** is wat leiding kan gee in gemeentes. Teologiese opleiding speel 'n groot rol in die kerklike gemeenskap en dienswerk, sodat die opleiding en voortgesette toerusting van predikante van deurslaggewende belang is. Terselfdertyd het ouderlinge en diakens in die geskiedenis van die NHKA 'n sleutelrol gespeel, en word hul dienswerk onder die huidige omstandighede weer al hoe belangriker.

Dit moet die prioriteite vir die Kerk se sinodale begroting wees. Enersyds moet ons die fondse vind om hierdie werk te ondersteun, en andersyds moet ons verseker dat ons die beste gebruik van ons gedeelde dienste maak om lidmate, ampsdraers en predikante toe te rus vir hul dienswerk oral waar daar 'n gemeente van die NHKA leef.

Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 Mei 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Vrydag 30 April: Ds WJ (Wimpie) Steyn (76) (emeritus)
- Saterdag 1 Mei: Ds NM (Nick) Alberts (57) (beroepafwagting)
- Sondag 2 Mei: Ds HJ (Henk) Labuschagne (31) (Silverton)
- Maandag 3 Mei: Dr E (Elritia) le Roux (39) (buiteland)
- Dinsdag 4 Mei: Ds PJ (Pierre) Roets (49) (Springs-Oos)
- Woensdag 5 Mei: Drr EB (Ernest) Marran (60) (Losberg),
JP (Johan) Bester (58) (Pretoria Noorderlig) en
H (Hein) Delport (43) (Swartkop)
- Donderdag 6 Mei: Ds C (Cobus) Manders (42) (Bethal)

Gemeentes en bediening

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by george.marais@fineandcountry.com. Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.
- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare**. Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Beplande vergaderings

- Woensdag 5 Mei: Kinderhuis Dagbestuur
- Donderdag 6 Mei: Redaksie van *Die Hervormer*
- Vrydag 7 Mei: Oudit- en Risikokomitee

Kerklike publikasies

- In die **Mei 2021-uitgawe** van *Die Hervormer* gee dr Tanya van Wyk 'n inspirerende perspektief op die **hemelvaart** (wat vanjaar op 13 Mei herdenk word). Ons fokus ook op die veranderende situasie ten opsigte van die **teologiese opleiding** van Hervormde predikante, en dr André Ungerer gee terugvoer oor 'n **tweede meningspeiling** onder predikante tydens die Covid-19-pandemie. Dr Hannes Janse van Rensburg van Zuurfontein verduidelik wat sy **proefskrif oor brugbediening** behels het, en ds C Johann de Bruin vertel meer oor die geskiedenis van **Hervormers se doopgewoontes**.



- Die **Mei 2021-uitgawe van *Die Hervormer*** is die eerste uitgawe wat vanjaar gedruk word. Die drukwerk geskied tans *ad hoc*, afhange van die Covid-inperkingsvlakke. Die artikels van elke uitgawe word op die Kerk se webblad geplaas, en met ingang van die Maart 2021-uitgawe word 'n pdf-weergawe ook aan predikante en gemeentes gestuur. Tydens die voortgesette navorsing oor die effektiwiteit van die Kerk se publikasies, is besluit dat, met ingang van die Mei 2021-uitgawe, **elke gemeente minstens vyf (5) eksemplare van die gedrukte weergawe** (wanneer dit gedruk word) van die Kerk se amptelike mondstuk moet ontvang. Pragtige werk word deur die meeste van ons predikante gedoen om die inhoud van *Die Hervormer* met hul lidmate te deel. Daar is egter ongelukkig ook gemeentes waar lidmate skaars weet van hul Kerkkoerant, en waar geen gedrukte weergawe ooit beskikbaar is nie. Ons doen 'n vriendelike beroep op elke gemeente om weekliks een artikel van die kansel af bekend te stel, en dalk 'n kopie van *Die Hervormer* op 'n prominente kennisgewingbord by die kerkgebou vas te steek sodat al die lidmate daarvan kennis kan neem. (Lidmate kan in die April 2021-uitgawe van *Die Hervormer* meer lees oor die elektroniese verspreiding van die publikasie.)
- Gemeentes moet mev Sarie Roux van die Sinodale Boekwinkel in kennis stel indien die adresse waarheen pakkies (ook van *Die Hervormer*) gekoerier moet word, verander. Kontak haar by boekwinkel@nhk.co.za.

'n Gedig

Chrisalis

die tyd vlieg
 oor my skouer
 'n ent weg, deur die venster
 wat uitkyk op ons brose tuin
 gooi 'n s om die roosboom
 en bries deur 'n oop deur terug

jy lyk alweer anders, lyk't my, ryper en ouer
 as so pas in my arms, plots klaar gewieg
 nou beklouter jy alles – die bome, die wolke
 en, by die boekrak in my studeerkamer
 die lendelam leer van my leerstoel
 en vlieg hoog, gewigloos vier jaar oud

ons tydlose stoep is waar ek deesdae wonder
 oor jou doen en late in 'n verre land, snags
 wanneer vliegtuie papies word in ons tuin
 en ek onrustig van my eie vlugplan droom
 tot die wurms en die skoenlappers weet
 ek is besig om regte vlerke te kry

* * *

in die stilte ná die storm
 word die paap gevorm
 Saulus word Paulus
 en danksy God se grootste gebod
 herken ek uiteindelik die chrisalis:
 die verraderlike dun nerf tussen my
 en Judas Iskariot

Christo van der Westhuizen
 (Uit: *Chrisalis*, 2019)

Allegaartjies (Oor die brande in die Kaap)

“Die verlies van ’n argief is iets wat ’n historikus byna fisiek voel... Ons geskiedenis gaan voor ons oë tot niet – en dit is nie wegholveldbrande wat die grootste gevaar inhou nie, maar algemene verwaarloosing, ’n gebrek aan kundigheid en finansiering.” (Lindie Koorts, historikus, in *Beeld*, 24 April 2021)

“Sulke versamelings gebeur nie vanself nie; dis mense wat vasberade en vir jare gewerk het om dié versamelings op te bou. Iemand moes die aanvanklike inisiatief geneem het om te sê hei, weet jy wat, dit is iets wat ons moet vind en bewaar. Dis die soort vryheid wat bibliotekarisse het om versamelings op te bou en te bestuur.” (Ujala Satgoor, hoof van die Universiteit van Kaapstad se biblioteke, in *Rapport*, 25 April 2021)

“Nie net boeke nie, maar ook briewe, manuskripte, waterverfwerke, kaarte en ander artefakte, waarvan talle van onskatbare waarde was, het verlore gegaan. Die universiteit het die oudste biblioteek en argiewe in die land gehad en navorsers van oor die wêreld heen het dit kom raadpleeg. Ek klink dalk effe ongevoelig, maar om ’n sportsentrum of ’n koshuis te verloor, maak nie veel saak nie. Die geboue was vermoedelik verseker en kan maklik genoeg vervang word, maar die biblioteek en die argiewe was die kroonjuwele; die universiteit se kosbaarste en onvervangbaarste intellektuele kapitaal.” (RW Johnson, skrywer en joernalis, in *Rapport Weekliks*, 25 April 2021)

Barmhartigheid

- **VAKATURE: Sekretaresse** by Rata Maatskaplike Dienste. Rata, wat al vir meer as 70 jaar maatskaplike dienste in vier provinsies lewer, benodig tans die dienste van ’n administratiewe persoon by hul Capital Park-kantoor. Die vereistes vir die pos is graad 12, ’n geldige bestuurslisensie en betroubare vervoer na die kantoor, tweetaligheid om aan die spesifieke behoeftes van die kantoor te voldoen, rekenaarvaardigheid en ervaring van boekhou en kleinkasbestuur, en die vermoë om streng vertroulikheid te handhaaf. Stuur aansoeke na info@rata.org.za.
- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in ’n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoonstel te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000

Betaalde advertensies in hierdie nuusbriëf

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed as ek my masker opsit

Skepper
as ek nou die wêreld betree
laat sien my die groter betekenis
van die lapmasker wat ek gaan dra:
Laat dit 'n teken na buite wees
van die genade wat ek binne my beleef,
'n tasbare en sigbare manier om te wys
dat ek my naaste net so liefhet soos myself.

Christus
aangesien my lippe toe gaan wees,
maak oop my hart
sodat mense my glimlag sien
in die lagplooitjies om my oë.
Aangesien my stem
'n bietjie onduidelik gaan wees,
help my om duidelik te praat,
nie net in woorde nie
maar ook in my dade.

Heilige Gees
wanneer die rek om my ore gaan,
herinner my tog om sorgvuldig
en met sorg te luister
na almal wat my pad kruis.
Mag hierdie stukkie lap sowel
my skild as my banier wees
en gee dat elke asemteug wat daardeur gaan
vol van u liefde sal wees.

In daardie liefde en in u Naam bid ek:
Laat dit geskied. Laat dit tog geskied.
Amen.

**(Gebaseer op 'n gebed van Richard Bott,
Moderator van die United Church of Canada)**

(Vertaling: Etienne Fourie)